BEELD NAWEEK, Kuns en Vermaak
10 Mar 2012, p.9

Jong SA sangers 'is op hulself aangewese'

Skoling 'tevergeefs' sonder geldhulp, sê Gobbato

Thys Odendaal

Vir operasangers of aspirant-sangers in Suid-Afrika is dit nie maklik nie, beaam Angelo Gobbato.

Dit is tragies as 'n mens byreken die enorme aanwins vir die operakuns met die tientalle swart sangers sedert 1994 wat op die voorgrond getree het as soliste in operaproduksies. Om nie eens te verwys na die puik operakore nie, wat selfs deur die besoekende Amerikaanse operaster twee jaar gelede, die sopraan Renée Fleming, as "asembenemend" bestempel is en as "kore wat die wêreld se voorste operageselskappe julle sal beny".

Gobbato is in Pretoria om die regie te behartig van Opera Africa se *Bravo!*, wat vanaand in die Opera van die Staatsteater in Pretoria open, en van 23 Maart in The Mandela van die Joburg-teatersentrum in Braamfontein herhaal word.

Gobbato was jare lank, in die vroeë dae van Kruik-Opera, self 'n kranige sanger-akteur wat talle baritonrolle vir die Kaapse kunsteraad gesing het. Hy was later artistieke hoof van Kruik- en toe Kaapstad-Opera; en was gewis versiende in die middel van die 1990's met die nuwe demokrasie en die hewige veranderings in die plaaslike uitvoerende kunste waarvan die reperkussies vandag nog gevoel word.



Angelo Gobbato, die mees ervare opera-regisseur in die land, in Gauteng vir Opera Africa se gala-aande in Pretoria en Johannesburg.

Die gevolg? Kaapstad-Opera is vandag die enigste werklik lewensvatbare operageselskap in die land.

Tot betreklik onlangs was hy ook die hoof van die UK se operaskool, met jare lank 'n uitstekende samewerking tussen dié skool en Kruik-Opera. Dit is 'n vrugbare samewerking wat vandag nog net so sterk staan.

"Ons kan jong sangers oplei, goed oplei, hulle kanse bied in studente-produksies en aanvanklik in kleiner rolle in professionele opvoerings, alles ter voorbereiding van 'n loopbaan in opera.

"Meer as dit kan 'n operaskool nie doen nie, en as daar nie finansiële hulp van borge of die staat is nie, is die opleiding tevergeefs. Die sangers is op hulself aangewese en moet self werkgeleenthede skep, soos in ander beroepe. Dit verg baie harde werk en ondernemingsgees."

Of, as hulle 'n sekere hoë standaard bereik het, lê hul heil in buitelandse operahuise, waar talle Suid-Afrikaanse sangers hulle lank reeds bevind?

"O ja, en ook ons belowende en begaafde swart sangers studeer verder in die buiteland, veral Europa, en sluit aan by voorste operahuise," sê Gobbato.

■ Opera Africa se *Bravo!* en Phelelani Mnomiya se opera *Ziyankomo* is ná vanaand ook op 13, 15 en 17 Maart in die Staatsteater, Pretoria; en op 23, 25, 29 en 31 Maart in The Mandela van die Joburg-teatersentrum, Braamfontein.